## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com

**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com

**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing,**
**bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Jakkie | Badenhorst | 07/06 |
| Daniel | Coetzee | 07/06 |
| Jan | de Jager | 07/06 |
| Mathew | Falck | 07/06 |
| Brenton | Auret | 07/07 |
| Ben | Smit | 07/08 |
| Erika | Stegmann | 07/08 |
| Charlotte | Spamer | 07/09 |
| Hein | Steyn | 07/09 |
| Truida | Auret | 07/10 |
| Dickie | Giliomee | 07/10 |
| Joey | Brand | 07/11 |
| Elsa | Ollewagen | 07/11 |

## STRAATWERK

**"2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad.**

'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

5 Julie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 5/7**
10h00 L'Agulhas
Sinodale Kollekte
NGGO
**Maandag**
10h00 Projekte en funksies
**Dinsdag**
14h00 Klerebank
**Donderdag**
11h00 Kommunikasie
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

Sondag 12/7
**10h00 L'Agulhas**
Sinodale Kollekte
Malawi

**SINODALE KOLLEKTE -** NGGO ( Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling)
Die doel van die NGGO is om te fokus op die stig van nuwe gemeentes, missionale aksies en gemeenskapsontwikkeling.
Hoop word gebring in die onmiddellike omgewing. Twee onlangse sentrums wat in Struisbaai-Noord HOOP vir die gemeenskap bring, is Die VAARDIGHEIDSENTRUM en STRUISIES SPEELSKOOL EN FAMILIESENTRUM.
1. Die Vaardigheidsentrum het in Januarie 2022 sy eerste leerders ontvang. Die skool is gestig om aan plaaslike jeugdiges praktiese vaardighede te leer en kursusse aan te bied soos Houtwerk en Voedselbereiding en vele ander. Dit voldoen aan WKOD - kriteria vir vaardigheidskole. Leerders moet 14 of 15 en ouer wees; akademies sukkel in die hoof-stroom en 'n sterk aanleg/belangstelling in praktiese en tegniese vaardighede toon. Die skool is 50% prakties en 50% akademies.
2. Struisies Speelskool en Familiesentrum in Struisbaai-Noord is in Maart 2026 geopen. Hulle fokus op gesinsorg, vroeë kinderontwik-keling (ECD) en ondersteuning vir ma's en babas. Dit funksioneer as 'n gemeenskapsen-trum en bied gesinshulp wat swanger moeders bystaan en programme aanbied vir ouerskap, voeding en vroeë kinderjare.

Hoe lyk dit? Het jy nie BOEKE vir ons nie? Dit kan dwarsdeur die jaar ingegee word by die Kerkkantoor. Dinsdag tot Don-derdag van 08h00 tot 12h00.

**TEKS VIR DIE WEEK**

Spreuke 31 : 8 & 9 - Maak jou mond oop vir die wat nie vir hulleself kan spreek nie, vir die reg van almal wat oorgegee is aan vernietiging. Maak jou mond oop, oordeel regverdig, en verskaf reg aan die ellendige en behoeftige..

## Ons bid vir...

1. Suid -Afrika en al die spanning, onsekerheid, frustrasies en vrese wat bestaan rondom onwettige immigrasie.
2. Die weerhouding daarvan dat mense se nood, armoede en weerloosheid misbruik word.
3. Nakoming van ons landswette en ordelike toepassing daarvan.
4. Msinga-spanne wat tans in Msinga, KwaZulu-Natal werk.
5. Ons gemeentelede se welsyn: fisies, psigies, geestelik en finansieel.

## Doen & Deel

**WIE BREI SAAM?**

Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. As jy wil brei, gee asb. die mus(se) in by die Kerkkantoor (Di.-Do, 08h00 - 12h00) gemerk UITREIKE. Kontak Joanie vir 'n breipatroon by 072 5193170. NS: Daar is geen sperdatum nie.

## Doen & Deel

**DANKIE VIR:**

1. Die braaiers wat vir 'n rekordgetal bestellings moes regstaan (114 porsies) met die onlangse hoenderbraai vir Kenia: Cecil le Roux, Niel Bruwer, Bernard Groenewald en Johan Hattingh.
2. Die helpers by die CAR Boot Sale. By die tafel van Diens van Barmhartigheid: Marietjie Hansen, Niel Bruwer, Ina Trollip, Helene Hattingh en Marietjie Bruwer. By die Opwipwinkel: Tania Fourie, Marie van Zyl, Jessie Franzsen, Plestina Kruger, Letty-Ann Möller en Joanie Pretorius.Rae Walker het ook ondersteun met haar uitstalling.
3. Retha Schoeman, wat fraai klein gebreide poppies vir Straatwerk geskenk het. 'n GROOT dankie vir almal wat brei vir Straatwerk en nog gaan musse brei en vir die sop - 2 minuut noedelskenkings.
4. Shereen Visser wat haar lieflike stem met ons gedeel het laas Sondag. Ons gaan julle mis, vir jou en Burger en julle seuns.
5. Karin Michau se pragtige blomme met nagmaal.
6. Teresa le Roux, Max Michau en Kobus Pretorius wat laas Sondag so vinnig gehelp het om die krag weer te laat werk.
7. Die koor se reuse aandeel aan die nagmaaldiens.
8. Mariaan Jansen van Rensburg wat onder andere 'n musiekstaander en twee mikrofoonstaanders vir die gemeente geskenk het.

## Doen & Deel

**VIR ONS KINDERS - Wat is geluk?**

Daar was eendag 'n foto van twee jong seuntjies wat op die podium gestaan het (die blokke waarop jy staan wat van links na regs trapsgewys laer word - drie trappies aaneen, langs mekaar).

Net die outjies wat eerste en wat derde gekom het verskyn op die foto.

Die een wat eerste gekom het, staan met sy nommer 1 kaartjie tussen twee slap handjies. Hy hou dit liggies vas. Sy arms hang pap langs sy sye. Sy gesig is skuins gedraai. Ogies is toe, dus geen oogkontak nie. Mondjie is saamgepers. Die hele liggaamstaal is een van onvergenoegdheid en belangeloosheid. Geen vreugde nie, al het hy eerste gekom. Al staan hy eerste en op die hoogste trappie.


Die ander outjie se liggaamstaal getuig van oorstelpte vreugde. Sy arms is stokstyf bo sy kop. Die nommer 3 word styf tussen twee toegevoude hande met ferm vingers vasgeklou en hoog bo sy kop vasgehou. Sy oë vonkel en is wawydoop. Hy kyk almal in die oë. Sy mond is oop, jy sien net tande soos hy sy mond ooprek. Sy gesiggie straal! Al is hy derde. Al staan hy maar net op die laagste trappie. Hy is so gelukkig soos kan kom!

## Doen & Deel

.

Die storie agter die prentjie is dat geluk nie 'n plek is nie, maar 'n ingesteldheid. Dit is hoe jy reageer op dit wat met jou gebeur. Dit is hoe jy na dinge kyk, jou persepsie daarvan. Hoe jy kies om daarop te reageer. Dit is nie net 'n opeenhoping van gebeure of besittings nie, maar dit is 'n ingesteldheid van dankbaarheid, veerkragtigheid (terugbons en aangaan as dinge nie uitwerk soos jy graag sou wou hê nie) en om bewustelik in die NOU te lewe. Geniet wat nou op jou pad kom, moenie sê jy sal eers gelukkig wees as jy eers nóg en nóg kan kry nie. Fokus op dit wat jy kan verander en aanvaar wat jy nie kan beheer nie.

Mag Heer u vreugde deur my vloei...




**KOOR**

Neem asseblief kennis dat daar geen koor-oefening sal wees gedurende Julie nie.

Die oefening hervat weer op 6 Augustus.